# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Aan 'n nageslag gee God die Land

**Skriflesing:**
Genesis 15; 17

**Teksvers:**
Genesis 15: 6, 17, 18

**Sing:**
Ps 42:1, 5
Ps 40:3, 4
Ps 105:4, 5, 6
Sb 4-2:2, 3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Abram het geglo en die HERE het hom dit tot geregtigheid gereken. Die HERE het aan Abram die reg toegereken om sy kind te wees, deur sy onwrikbare geloof. Daarby staan twee beloftes sentraal: 'n nageslag en 'n land. Die HERE leer ons dat 'n toekoms vol hoop nie sonder grond en kinders moontlik is nie. As jy nie 'n nageslag het nie, sterf jy uit, en as jy 'n nageslag het, moet hulle tog behoort. Hulle moet 'n plek hê om te bestaan.

So sluit die HERE met Abram 'n verbond en gee aan hom en sy vrou nuwe name. Abraham, die vader van menigte. In Abraham, dit is deur die geloof, kom die seën van die HERE deur sy vrou Sara. So word vervul wat ook aan Eva beloof is, die vooruitsig van 'n Verlosser.

**SONDAGAAND 18:00**

## Die koninkryk van die hemel het naby gekom

**Skriflesing:**
Mat 3:1-12

**Teksvers:**
Mat 3:2,8,11;
Mat 4:17

**HK** Sondag 48

**Sing:**
Lied 202:1,2,3
Ps 145-1:1,8,10
Lied 184:1,2,4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Beide Johannes en Jesus uiter die woorde: "*Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom*." Wat bedoel Johannes en wat openbaar Jesus hierdeur?

'n Koninkryk veronderstel dat daar onderdane, grondgebied en 'n koning is. 'n Koninkryk veronderstel dat daar orde is. Hierdie koninkryk is so belangrik dat Jesus ons juis geleer het om te bid en te vra daarvoor:

*"Laat U koninkryk kom!"*

Ons gaan na drie sake kyk…

- Wat is die koninkryk? v2
- Die eise van die koninkryk! v8
- Die troos van die koninkryk! v11




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika — Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie

**Jaargang 48 Nr 04 5 Februarie 2023**


# Algemene Sinode 2023

Die erns en toewyding waarmee die afgevaardigdes bymekaarkom is verblydend. Daar word met groot erns gewerk. Dit is altyd opvallend hoeveel vooraf werk daar gedoen is. Die werk van die Sinode word deurentyd gedoen deur deputaatgroepe wat aangewys word om die sinode te adviseur. Voortdurend is deputaatgroepe, dominees, ouderlinge, broeders en susters, talle lidmate besig om in die kerk van die Here te werk. Om kerk te wees behels veel meer as om net op Sondae bymekaar te kom.

Die erns waarmee die afgevaardigdes die verslae deurgaan en bespreek is opmerklik. Alles word deesdae elektronies gedoen en daar is bykans 800 bladsye wat deurgewerk is.

Die vergadering het elke dag om 08:00 begin en menige aande tot 21:00 aangegaan. Daarna moet daar nog voorberei word vir die volgende dag. Die werk is dan nie klaar nie maar daar word weer werk uitgedeel vir verdere studie en aanbevelings tydens die huidige Sinode en/of om voor te berei vir die volgende Sinode oor drie jaar. Die kerk van die Here moet altyd reformerend en relevant bly in die huidige wêreld.

Daar is altyd groot uitdagings vir die kerk. 'n Groot uitdaging is die finansiële uitdagings. Dit mag egter nooit in die pad staan van werklik kerk-wees tot eer van God nie. Die Here voorsien altyd, sodat die werk gedoen kan word.

Dit is 'n baie lang en intensiewe vergadering. Die vergadering is ook nog nie verby nie maar gaan virtueel hierdie komende week nog aan waar ons aanlyn die vergadering verder sal voer. Dit gaan ook uitdagend wees as 'n eerste keer.

Ons moet nooit ophou bid vir die kerk van die Here nie. Die belofte van God staan vas: Mat 16:18 "*En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en* ***die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.***"

Wat 'n voorreg om deel te wees van hierdie vergadering te wees.

Bly voorbidding doen vir die kerk van die Here, maar in besonder ook vir die vergadering.

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 3 Ps 81:1,12 Volgende week: Les 4 Ps 81:1,12

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Biblos

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Dankbaarheidsfonds

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



# Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

## Hoe kan gelowiges voorkom dat hulle in hul geloof-entoesiasme en geloofsekerheid ondermyn word?

2 Petrus is 'n brief van die apostel Petrus kort voor sy dood. Dit is eintlik 'n geestelike testament wat hy nagelaat het. In hierdie testament gee hy aan sy lesers op verskeie wyses leiding wat hulle moet doen om nie in hulle geloof te verflou of onseker te raak nie. Ons beplan om in ses Bybelstudie-sessies in besonderhede aandag te gee aan hierdie testament.

**Begin datum: 7 Februarie 2023**

**Almal welkom**

**Plek**: Geref Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: Dr Douw Breed
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)/Hein Kaiser 0827727718



## Senior Aksie

Senior Aksie vergader weer op DV **Maandag, 6 Februarie 2023 om 10:00** in die Kerksaal.

Ds Lourens Venter en Sonja van Sonja Smith begrafnisondernemers gaan vrae vir ons beantwoord wat ons soms te bang is om te vra.

**Kom gerus en deel in 'n gesellige Senior-kuier!**

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop 'n okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings-fasiliteite nie en bepalings geld vir persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit: 2 slaapkamers, 1 badkamer, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Apr 2023. Die rigprys is R850 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Die eenheid gaan in sy geheel opgegradeer word en die moontlikheid bestaan om veranderings op eie onkostes, na oorleg en goedkeuring van die bestuur, aan te bring. 'n Voorbeeld is om die badkamer te omskep in 1½ badkamer.

Die eenheid is 108m$^2$ en die maandelikse heffing is R1 496 plus u maandelikse kraggebruik en munisipale heffings. Watergebruik is reeds ingesluit in die genoemde heffing.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter 071 403 4143 (op terrein) of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 6 Februarie 2023**

## Geestelike Opbou

**26 Feb 2023** na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Bybelvertaling: waarom en hoe?**

Dit is verbasend hoeveel Bybelvertalings beskikbaar is. In Afrikaans is daar drie wat deur die Bybelgenootskap uitgegee is, met nog ander van gewone uitgewers. Kan 'n mens vertalings vertrou? Op grond waarvan moet 'n mens 'n vertaling beoordeel? Hierdie gesprek hanteer hierdie sake, met toespitsing op die 2020-vertaling.

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**14 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met ds Gerrit 082 964 5595/

Kerkkantoor 012 664 2614



## *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 05-Feb | Heinrich | Buys | B09 | 27746813660 |
| | Mandie | Cloete | A08 | 27825625296 |
| 06-Feb | Gert | de Beer | C07 | 27832527755 |
| | Johan | Hoogendyk | A08 | 27823193377 |
| | Jaco | vd Bergh | A17 | 27842084413 |
| | Lourens | Venter | A04 | 27825292330 |
| 07-Feb | Laetitia | Cassidy | B13 | 27825728887 |
| 08-Feb | Dorothy | Kruger | C03 | 27766093297 |
| 09-Feb | Anton | Lubbe | A09 | 27662402870 |
| | Louise | Roets | C11 | 27833805383 |
| | Louise | v Rensburg | C08 | 27729737238 |
| 10-Feb | Mercia | Coelho | A04 | 27823247907 |
| | Annetta | Lombard | A14 | 27826217373 |
| | Ben | Steyn | B08 | 27834484128 |
| | Drikus | vd Walt | C02 | 27605692608 |
| 11-Feb | Wian | Olivier | C11 | 27815563044 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 05-Feb | Miané | Bloemhof | A07 | 27763826939 |
| 06-Feb | Bernhard | de Beer | B03 | 27845479575 |
| | Sofie | vd Berg | A05 | 27826402571 |
| 07-Feb | Sherise | Fouché | A13 | 27835715047 |
| 08-Feb | Cara | Erasmus | B09 | 27833566579 |
| | Chris | Roos | A15 | 27609970094 |
| 09-Feb | Zane | Cloete | A08 | 27825625296 |
| | Jaco | van Dyk | C06 | 27845497999 |
| 11-Feb | Ludwig | Jv Rensburg | B04 | 27766734620 |
| | Pelonomi | Masie | E01 | 27730994955 |

## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

Voorbidding word gedoen vir Rassie Erasmus, sy been word môre geamputeer (B16—072 590 9188).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***




## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax@gmail.com

Kan ek toesien tot die registrasie van u huis-oordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie **oordragprokureur** aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Mobiele Haarkapper**. Is dit moeilik om by 'n Haar-salon uit te kom? Ek kom na jou toe: was, sny, kleur, Centurion-omgewing. Lindie de Beer 076 241 2967.

**Kombuisontwerp**-, vervaardiging- en installasie van kombuis- en ingeboude kaste. Sertifisering van nuwe en bestaande gasinstallasies met sertifi-kaat. Algemene onderhoud, verf-, teëlwerk en kantooruitleg. Werner vd Walt 082 308 6238 werner@bwinteriors.co.za

<u>Vakante poste op kennisgewingbord</u>: **Aros** (Assessor vir praktiese onderwys, Akademiese assistent (tale), Akademiese assis-tent: Bybelkunde en Filosofie); **Resedentia** (Versorgingsdiensbestuurder) en **Regio** (Grond-slagfase).

# Bybelstudie

## *Juventus (18-24)*

Dinsdagaande 18:00 vir 18:30

- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdae om 19:00

- - - -



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**



## GKA Tentjie-aand

**Vrydag, 17 Feb om 18:00**

Bring en Braai

Ons begin met aktiwiteite vir die kinders vanaf 18:00 en beplan om saam te eet sodra ons klaar is.

Enige persone wat wil oorslaap of braai kan hulle name opgee by

**de Wet Burger 083 216 2876**





## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**8 Feb** om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 084 603 6773**

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kon-tak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**5 Feb**

| | |
|---|---|
| Wilna van Zyl | Blok A |
| Liana van Rooy | Blok B |
| Gerda Pieters | Blok C |

**12 Feb**

| | |
|---|---|
| Magda Pelser | Blok A |
| Louise van Niekerk | Blok B |
| Zanie Kruger | Blok C |

## Eljada Huis

<u>**Volledige behoeftelys**</u>: Is op die kennisge-wingbord geplaas

<u>**Deurlopende behoeftes**</u>: Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kook-olie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, was-poeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421




**Gee jou naam op by Rika Kruger onder die Olyfboom**